

27 Mei

Jakobus 4:1-10

Tevrede Christene

Die sonde wat die apostel oopvlek, is jaloesie (om te wil hê wat ander het), en afguns (om ander die goeie te misgun).

Die rede hiervoor was ontevredenheid by die Christene wat betref hulle lewensomstandighede. Dit was ten diepste ondankbaarheid teenoor die Here wat ontaard het in 'n bose kringloop: Ontevredenheid lei tot begeerte, na iets anders. Begeerte lei tot selfgerigtheid wat lei tot aktiewe beywering vir wat jy wil hê en die onderwaardering van dit wat jy het. Tog is mense nie tevrede met dit wat hulle kry nie en voel hulle leeg.

God se troos is dat hierdie leegheid wel gevul kan word. Nie deur iets nie, maar deur iemand. Die treffende is dat ware lewensvervulling begin by onderwerping aan God. Presies die teenoorgestelde van selfgerigtheid! Dit behels berusting in God se wil, aanvaarding van dit wat Hy gee en dit wat Hy terughou, vertrou dat Hy die beste weet, besef van ons totale afhanklikheid van Hom en om deur Skrifstudie te soek na sy wil en daarvoor te vra in gebede.

Jesus Christus is hierin die volmaakte voorbeeld (Fil. 2:5-11). In jou en my werk die Heilige Gees van God sodat ons soos Hy kan wees. As God se wil vir ons voorop staan, kan ons drome en ideale hê. Want dan staan dit in diens van wat die Here met ons en in ons wil bereik. Lewensvervulling en sin in die lewe is wanneer die Here se wil met ons geskied.

Sing: Skrifberyming 17:1, 6

Ds. J.J. Viljoen (Orkney/Stilfontein)